

**Donderdag 7 Mei**

**Skrifgedeelte: Markus 14:12-16, 22-25**

**Fokusgedeelte: Markus 14:24**

**Vat dit!**

**D**it is tyd vir reinheid (ongesuurde brood-fees) en voorbereiding van die paaslammers vir die komende Paasfees. 'n Fees van genade toe die lam se bloed verlossing gebring het uit Egipte.

Jesus tref sy eie reëlings vir sy eie ware Paasfees: 'n afskeidsete. Maar sy gaste gaan nie rein wees nie. Die gaste wat hy nooi, is maar 'n jammerlike lot. Voor, tussenin en ná die beskrywing van die Paasmaal word hier in die teks vertel van sy gaste se verraad, verloëning en afvalligheid. Tot die laaste een hét Hom ook in die steek gelaat. Hulle was sy leerlinge, sy vriende.

Hy het geweet dit kom. Maar Hy reël dit nog steeds. Hy nooi hierdie spul nog steeds. Hy verduidelik nog steeds dat dit vir hulle is. Hy verduidelik nog steeds dat hulle dit moet vat en eet en drink. Hy sê nog steeds dat dit vir hulle is.

Al is hulle salig onbewus van waarmee Hy eintlik besig is, is Hy presies bewus van waarmee Hy besig is. Voorbereiding om Homself te gee vir vriende wat hulleself nie vir Hom sou gee nie.

Jesus het jou ook daardie aand in gedagte gehad. Deel van die jammerlike spul. Hy weet wat Hy nie in jou het nie – nie iemand wat deur dik en dun lojaal is nie. Jy verraai Hom, jy verloën Hom, jy raak afvallig van Hom. Hy het geweet waarvoor Hy Homself inlaat deur 'n verbond met jou te sluit met sy bloed. Daarom het dit sy bloed gekos, en nie joune nie. Daarom nooi Hy nog steeds, verduidelik Hy nog steeds, en vra Hy nog steeds dat jy sal vat.

Vat net.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2, 3, 4*

*Dr. G van Wyk (Griffel) (Rustenburg)*